

**Opmerkings deur prof H Russel Botman,
rektor en visekanselier van die Universiteit Stellenbosch,
ter opening van die 2011 Worcester-landbouskou
te Kleinplasie, 25 Januarie 2011**

Goeie naand, almal. Molweni. Good evening. Geagte:

- MnR Rikus Straus, president van die Landbouskou
- Leiers en lede van die Worcesterse Landbougenootskap;
- Leiers, landbouers en ander lede van die gemeenskap van Worcester en omstreke;
- My Stellenbosch-kollegas, waaronder prof Mohammad Karaan, Dekaan van die Fakulteit AgriWetenskappe, en prof Gerhard Lubbe, Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid;
- dames en here ...

... dankie vir hierdie geleentheid. Worcester en Stellenbosch het as buurdorpe baie gemeen.

Boonop is ons as opvoeders en u as landbouers beide gemoeid met die ontwikkeling van potensiaal. Daar is dus baie raakpunte tussen ons.

Nes onderwys nie net oor kennis in die kop gaan nie, strek landbou verder as net kos in die maag. Beide sektore is deurslaggewend vir sowel ekonomiese groei as die ontwikkeling van menslike hulpbronne – in ons streek, ons provinsie, ons land en ons vasteland.

Volgens my kollegas by die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Agriwetenskappe dra landbou in Suid-Afrika tussen 3% en 3,5% tot die bruto binnelandse produk by. Landbou is 'n belangrike verdiener van buitelandse valuta, voorsien in mense se basiese voedselbehoeftes en verskaf werkgeleenthede. Die landbou is dus 'n belangrike rolspeler in armoedevertiging.

Armoede is 'n groot probleem in ons samelewing. Suid-Afrika staan as 'n "45/55"-land bekend, wat beteken sowat 45% van die bevolking is chronies arm. Dít word gedefinieer as 'n situasie waar 'n gesin van vyf mense op minder as R2 000 'n maand moet oorleef. (Landman, et al, 2003.)

Amper die helfte van ons bevolking val in dié kategorie. Dit wil sê, 22,5 miljoen mense in ons land het nie genoeg van 'n inkomste om aan hul basiese behoeftes te voldoen nie. Hulle het nie genoeg geld vir 'n behoorlike dak oor die kop, genoeg kos in die maag en iets meer as flinters aan die lyf nie, om van opvoedingsgeleenthede vir hul kinders nie eers te praat nie.

Armoede is wydverspreid op die platteland, veral onder swart en bruin mense. En die grootste enkele oorsaak van landelike armoede is 'n gebrek aan werkgeleenthede (Aliber, 2003).

Die landbousektor kan hiermee help. Vir elke toename van R1 miljoen in die finale vraag na landbouprodukte, word daar 83 nuwe werkgeleenthede geskep. Die ooreenstemmende syfer vir die res van die ekonomie is net 29 werkgeleenthede.

Maar vir die landbou om werk te kan skep, moet die landbou in die eerste plek werk. Hiermee kan die Universiteit Stellenbosch help. Ons slagspreuk lui mos ons wil "Jou

Kennisvennoot” wees. Wel, ons Fakulteit Agriwetenskappe is die landbou en bosbou in Suider-Afrika se kennisvennoot.

Die Fakulteit verskaf wêreldklas-navorsing, -onderrig en -diens in vakgebiede soos wingerdenwynkunde, wynbiotecnologie, landbou-ekonomiese grondkunde, veeekundige wetenskappe en voedselwetenskap. Dit is dan ook geen wonder dat talle landbouleiers – ook hier in Worcester en omstreke – oud-Maties is nie.

Suksesvolle boere weet dat boer besigheid is. Dit gaan nie oor steggies in die grond druk of koeimelk dat die skuim so staan nie. “Om deesdae suksesvol te wees, moet jy nie net weet hoe om te boer nie, jy moet ook ’n ingewikkeld onderneming kan bestuur” (Van Rooyen, 2010).

Een van die dinge waarmee suksesvolle, ervare boere kan help, is om hul vaardighede en kennis met die volgende geslag te deel. Veral opkomende boere, nuwe grondeienaars, het bystand nodig.

Grondhervorming ’n nasionale prioriteit is. Die diskriminerende stelsel van die verlede het gesorg dat 87% van alle kommersiële landbougrond ten tye van die 1994-verkiesing in wit besit was. Die nuwe regering wat demokraties aan bewind gekom het, het as doelwit gestel dat die oorblywende 13% in swart, bruin en Indiërs besit teen 2014 moes aangroei na 30%.

Maar, soos u weet, is dié projek nie op koers nie. Met nog net drie jaar oor, is slegs sowat 20% van die geoormerkte grond al aan swart eienaars oorgedra. En boonop het ’n groot persentasie van die afgehandelde grondhervormingsprojekte net gedeeltelik geslaag of heeltemal misluk – deels omdat die nuwe boere nie genoeg ondersteuning gehad het nie.

Daar is druk op die staat enersyds om grondhervorming te versnel en andersyds om nuwe boere beter by te staan. In dié proses moet bepaalde kontradiksies egter uitgesorteer word. Die departement van landelike ontwikkeling en grondsake het byvoorbeeld in September verlede jaar gesê ’n deel van die geld wat bestem was vir die aankoop vir plase vir grondhervorming sal nou gebruik word om nuwe boere te help om op hul voete te kom. Maar terselfdertyd het die ouditeur-generaal uitgewys die departement is R3 miljard agterstallig in sy finansiering van nuwe grondeienaars.

Nietemin bly grondhervorming belangrik, en daarom maak die regering se oproep vir vennootskappe tussen privaat- en openbare instansies in die landbousektor sin. Die Universiteit Stellenbosch en Standard Bank het verlede jaar gesamentlik ’n Sentrum vir die Ontwikkeling van Agribesigheidsleierskap en Mentorskap tot stand gebring om ontluikende boere te bemagtig.

Die Sentrum bied akademiese programme aan, maar ontwikkel ook praktiese mentorskapprogramme op voetsoolvak. Soos die Sentrum se direkteur, prof Johan van Rooyen, altyd sê, ons wil handevat met die bedryf, maar ons wil ook sorg daardie hande kom aan die werk.

Die Sentrum maak deel uit van die Universiteit se HOOP Projek, wat verlede jaar bekendgestel is. Die HOOP Projek is ’n strategiese inisiatief waarmee die Universiteit sy akademiese uitnemendheid en bewese kundigheid aanwend in die soek na oplossings vir ernstige probleme in die samelewing.

Die HOOP Projek het vyf temas, wat onder meer afgelei is uit die internasionale Millennium Ontwikkelingsdoelwitte (van die Verenigde Nasies) en die nasionale Mediumtermyn Strategiese Raamwerk (van die Suid-Afrikaanse regering). Ons is oortuig daarvan dat as ons as universiteit (1) armoede en verwante toestande help uitwis; en bydra tot die bevordering van (2) menswaardigheid en gesondheid; (3) demokrasie en menseregte; (4) vrede en sekuriteit, insluitend voedselsekuriteit; en (5) 'n volhoubare omgewing en mededingende bedrywe, dan help ons van die wêreld 'n beter plek maak.

Now, as many of you would know, Stellenbosch University has been closely involved in addressing the needs of the people of Worcester and other rural communities for some time now. Our Faculty of Health Sciences established the Ukwanda Centre for Rural Health in 2001. Ukwanda is a Xhosa word meaning “to develop and grow in the community”.

The Ukwanda Centre's core is situated right here in Worcester, with nine smaller centres in other towns in the Western Cape and one at the Madwaleli hospital in the Eastern Cape.

In November last here, I was here in Worcester to open a new training wing in the Worcester Day Care Clinic, adjacent to the Worcester Regional Hospital. We also launched the new Ukwanda Rural Clinical School, with its hub in Worcester and spokes in five other towns in the region – Ceres, Robertson, Caledon, Hermanus en Swellendam.

The problem that our Rural Clinical School is trying to address is the unequal distribution of doctors between rural and urban areas. The Ukwanda Rural Clinical School will focus on the clinical training of students at rural hospitals and health care facilities, and thereby produce more doctors and health professionals for rural areas.

Rural areas are very important, containing – as they do – nearly half of South Africa's population, yet they are relatively underdeveloped compared to urban areas. Despite the romantic notion of the simple, idyllic country life, the harsh reality is that far too many people who live in rural areas suffer the burden of poverty, as I have already mentioned. To help address this problem, Stellenbosch University has incorporated a rural focus into all facets of its key activities – be that research, teaching and learning, or community interaction.

Ukwanda is net 'n onderdeel van die Universiteit se langtermyn-strategie. Ons wil omvattende landelike ontwikkelingsplatforms in Worcester en elders op die platteland vestig, waar ons 'n verskeidenheid dienste aan die gemeenskap kan bied.

Die voordeel wat die Universiteit uit sulke platforms trek, is tweërlei van aard: ons studente kry blootstelling aan 'n landelike omgewing, wat hulle voorberei vir die werklikhede in 'n land waar die helfte van die bevolking landelik is;

en ons navorsers kan hulle aandag toespits op die spesifieke probleme wat op die platteland voorkom. Sodoende word die akademie verryk en plaaslike behoeftes terselfdertyd aangespreek.

Ons beplan om mettertyd ander fakulteite en departemente by hierdie spilpunt in Worcester en al ons ander satellietcentra te betrek. Ons Regshulpkliniek lewer byvoorbeeld reeds nie net in Stellenbosch nie, maar ook in Franschhoek, Ceres en Klapmuts waardevolle bystand aan behoeftige gemeenskappe met uitsettings en afsettings, skuldverligting, gesinsgeweld en toegang tot maatskaplike toelaes. Die Regshulpkliniek was ook al in Worcester bedrywig.

En by Ukwanda gaan studente van die Universiteit se departemente Maatskaplike Werk en Sosiologie reeds van vanjaar af opleiding ontvang en navorsing doen. Daar word ook gewerk aan die betrokkenheid van die departemente Sielkunde, Teologie en Biomediese Ingenieurswese, asook die fakulteite Opvoedkunde en Agriwetenskappe op Worcester.

Dames en here, dít is die toekoms van landelike bemagtiging – wederkerige vennootskappe ten behoeve van menslike ontwikkeling. Namens die Universiteit Stellenbosch sê ek dankie aan die mense van Worcester vir die feit dat julle ons deel van jul lewens gemaak het. Ons is trots op ons rol as jul kennisvennoot.

Nou, vir 'n vennootskap het jy vertroue nodig. Dit was dus vir my interessant om die volgende woorde raak te lees in die voorwoord deur dr George Bosman, destydse hoofbestuurder van die Witwatersrandse Landbougenootskap, tot die 1972-feesbrosjure van die Worcesterse Landbougenootskap.

"Die doel van 'n landbouskou," het hy geskryf, "is nie net om produkte ten toon te stel, prys te wen of verkope te bevorder nie, maar ook om die gemeenskaplike en wedersydse goedertrou te sterk en op te bou".

Mag vanjaar se skou ook dié doelwit bereik, en mag die verhouding tussen die Worcesterse Landbougenootskap – wat in 1881 gestig is – en die Universiteit Stellenbosch – wat sy oorsprong na die totstandkoming van die Stellenbossche Gymnasium in 1866 kan terugspoor – net van krag tot krag gaan.

Baie dankie.